AGS BELLVILLE
SENDING-GEBEDSBELOFTE 2022
Sondag, 24 April 2022

Jesaja 52:7 “Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring....”

Vir elkeen wat julle op die aparte strokie jou keuse van projek of Sendeling merk, sal ons by ontvangs 'n meer volledige profiel met gebedsversoeke epos.
(Indien jy nie epos beskikbaar het nie, sal ons WhatsApp).

Jul gebede kan die volgende boodskappers ondersteun:

Francois en Alta Rauch ☐

Francois en Alta gebruik Johannesburg as basis om 24 lande in Afrika, Suid & Sentraal Amerika, Eurasië, Oos-Asië en Wes-Europa te bedien.

Francois se werk behels: Kerkplanting, Navorsing, Opleiding, Leierskap, Kinderdissipelskap in Mosambiek, First Church - First Bible, Global Leadership Summit, Netwerkbestuur en Bybelverspreiding.

Alta se werk behels: Vroue: Opleiding en Geletterdheid, Skryf van Programme in 3 tale om geletterdheid te bespoedig, Weeskinders: Bestuur en Administraie, Donateurs: Bestuur en Administrasie, Gebeds-administrasie en Persoonlike Assistent vir Francois.

Sidney en Naomi Moss

Sendingwerk opsomming: Die uiteindelike doelwit is om, in vennootskap met Harvesters Ministries, te help om kerkplantingsbewegings onder die inheemse kerkleiers in Suidoos- en Oos-Asië te inisieer. Ons hooftake sluit in om die inheemse kerkleiers te mobiliseer en toe te rus as kerkplanters om die wat ongered is te bereik met die evangelie, nuwe bekeerlinge te dissipileer sodat gemeentes nie net eksponensieel toe neem nie maar dat gelowiges ook geestelike volwassenheid bereik.

André en Anna-Marie Thiart

Die Thiarts woon in ‘n huurhuis in Pemba Cabo Delgado, die mees Noordelike provinsie van Mosambiek. Hulle werk is gekonsentreer op die Makwes van Quionga en in Palma en omgewing.

Hulle beywer hulle om draers en verkondigers van Christus se hoop te wees tussen die Makwe mense van Mosambiek wat binne ‘n konteks leef waar baie mense hoop verloor het.

Gateway to China (GTC)

AGS Bellville is 'n stigterslid en die administrateur van GTC. Die visie is om die onbereikte Etniese Minderheidsgroepe in China te bereik met die Goeie Nuus van Jesus Christus.

Ons doen dit deur die huiskerkbeweging te dien, ondersteun en mobiliseer om hul geleentheid/plig na te kom. Vir die doel werf ons gemeentes en individue in Suid-Afrika om betrokke te wees by gebed, gee en/of gaan.

Dr. Aneel Yousaf

Dr Aneel Yousaf is in Lahore Pakistan gebore en het in Suid-Afrika sy doktersgraad in Teologie/Missiologie behaal. Hy is getroud met Rubacca en hulle het 3 kinders, Debra, Jeremiah en Abigail.

Bid gerus vir hulle as gesin en ook sy span medewerkers se veiligheid, gesondheid en voorsiening. Sy gesin is nou voltyds in Sending betrokke in Lahore, Pakistan.

Aneel het 'n hart om gelowiges en kerkleiers op te lei en toe te rus om effektief die Groot Opdrag van Jesus Christus, Matteus 28:19-20 uit te voer.

Bellville Uitreike

Bellville Uitreike resorteer onder Sending by AGS Bellville en kan as die plaaslike sendingveld beskou word wat uit vrywillgers bestaan. Op 9 Januarie 2018 begin AGS Bellville Uitreike amptelik om elke Dinsdagaand na Safe Space uit te reik. Safe Space is ‘n nagskuiling onder die beheer van MES (Metro Evangeliese Sorg – deur aksiestappe van *Mould Empower Serve*) wat saans tussen 50 tot 60 persone skuiling gee. Ons bedien elke Dinsdagaand tussen 19:00 to 20:00 met Skriflesing en Gebed asook 'n maaltyd wat ons voorsit. Verskeie persone van Safe Space is op grond van hul eie belydenis gedoop by ons kerk nadat hulle hul harte vir die Here gegee het.

Pastoor Dibanisile Nkangala

Dibanisile woon en werk sedert einde 2020 in Stutterheim se omgewing ongeveer 70 Kilometer van Buffalo City (Oos-Londen) in die Amathola distrik van die Oos-Kaap. Hy is besig om daar 'n gemeente te plant.

Dr. Johan Serfontein, Missio Dei Netwerkvoorsitter het hom onlangs in kontak gebring met die plaaslike dominee, sowel as met die Gemeente op die dorp wat in Engels kerk hou en wat nie ‘n pastoor het nie. Hy preek nou Sondae by laasgenoemde en bring sy groepie saam met hom.

GEBEDSBELOFTE

24 April 2022

Ek, ...

(naam en van)

onderneem om vir die volgende 12 maande te bid vir die aksies / persone wat ek gemerk het:

- Francois en Alta Rauch ☐
- Sidney en Naomi Moss ☐
- André en Anne-Marie Thiart ☐
- Gateway to China (GTC) ☐
- Dr Aneel Yousaf ☐
- Bellville Uitreike ☐
- Dibanisile Nkangala ☐

E-pos Adres:_____

_____

Selnommer:_____

_____